# DIE REPUBLIEK STELLALAND.

deur

D.W.Kruger. M.A.

## Bladwyser.


Geraadpleegde Bronne en Werke .. .. . ... ..Pag. iii - iv.

Inleiding ..... ... ... ................ 1 - 3.

HOOFSTUK I
Verwikkelinge op die Suidwestergrense van die Suid-Afrikaanse Republiek voor 1882 .... ...................... 4 -16.

HOOFSTUK II
Totstandkoming van die Republiek Stelleland ...................... 17 - 49.

HOOFSTUK III
Staatsinrigting en binnelandse aangeleenthede van die Republiek Stellaland ..... .............. 50 - 83.

HOOFSTUK IV
Verhouding tussen Stellaland en Land Goosen .................. 84 - 92.

HOOFSTUK V
Ondergang van die Republiek Stellaland ........................ 93 - 123.

HOOFSTUK VI
Stellaland in Ruimere Perspektief ...124 - 132.

BESLUIT ..................... .. ..... 133 - 135.

Bylae A - G. ..................... ...... 136 - 162.


---------------

## Geraadpleegde Bronne.

### Onuitgegewe stukke in die Staatsargief te Pretoria:

Argiefafdeling Staats-Sekretaris, S.A. Republiek (aangedui S.S.)

| | | |
|---|---|---|
| -do- | -do- | S.A. Republiek, Inkomende stukke (aangedui R.) |
| -do- | -do- | S.A. Republiek, Uitgaande stukke (aangedui B.B. en R.B.B) |
| -do- | Kommandant-Generaal, S.A. Republiek (aangedui K.G.) | |
| -do- | Eerste Volksraad, S.A. Republiek (aangedui E.V.R) | |
| -do- | Republiek Stellaland (aangedui S.) | |
| -do- | Republiek Land Goosen (aangedui L.G.) | |
| -do- | Joubert-kolleksie. | |

### Uitgegewe Stukke.

De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849-1885.

Groenboek, S.A. Republiek, 1884.

Staatscourant van de Z.A. Rbpubliek, 1881-1884.

Notulen der Verrichtingen van den Hoogedelen Volksraad, O.V.S., 1859-1860.

Britse Blouboeke (aangedui C.)

Cape Government Gazettes.

## Geraadpleegde Werke.

### Kontemporêr.

DU TOIT, S.J., De Bechuanalandsche Kwestie, Historisch toegelicht. Paarl, 1885.

MACKENZIE, JOHN, Austral Africa, Losing it or Ruling It, being Incidents and Experiences in Bechuanaland, Cape Colony and England. 2 Vols. London, 1887.

"De Volksstem", 1882-1884.

Van latere datum.


AGAR-HAMILTON, J.A.I., The Native Policy of the Voortrekkers, An Essay in the History of the Interior of South Africa, 1836-1858. Cape Town, 1928.

BOTHA, Dr. Ph. R., Die Staatkundige Ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse Republiek onder Krüger en Leyds, Transvaal 1844-1899. Amsterdam, 1926.

CORY, SIR GEO. E., The Rise of South Africa, Vol. IV. London, 1926.

DU TOIT, J.D., Ds. S.J. du Toit in Weg en Werk, 'n Periode van Afrikaanse Oplewing. Paarl, 1917.

Engelbrecht, Dr. S.P., Thomas François Burgers. Pretoria, 1933.

GIE, DR. S.F.N., Geskiedenis vir Suid-Afrika, of Ons Verlede, Dl. II, 1795-1918. Stellenbosch, 1928.

GOLDMAN, P.L.A., Beredeneerde Inventarissen van de Oudste Archief-Groepen der Z.A.R., Pretoria, 1927.

HOFMEYR, J.H., in samenwerking met Senator de Edelachtb. F.W. Reitz, Het Leven van Jan Hendrik Hofmeyr (Onze Jan). Kaapstad, 1913.

LEYDS, DR. W.J., De Eerste Annexatie van de Transvaal. Amsterdam, 1906.

Idem, Het Insluiten van de Boeren-Republieken, Deel I, Amsterdam, 1914.

MARSHALL-HOLE, H., The Making of Rhodesia, London, 1926.

THEAL, DR. G. Mc., History of Africa South of the Zambesi from 1795 to 1872, Vol. II (Vol. VI of the Series). London, November, 1915.

Uys, Dr. C., In the Era of Shepstone. Lovedale, 1933.

~~[illegible], PROF. Reid, A History of South Africa. [illegible], 192[illegible].~~

VAN OORDT, J.F., Paul Kruger en de Opkomst der Z.A. Republiek, Kaapstad, 1898.

VINDEX, Cecil Rhodes, His Political Life and Speeches, 1881-1900. London, 1900.

# DIE REPUBLIEK STELLALAND.

## Inleiding.

In werke oor die geskiedenis van Suid-Afrika word daar gewoonlik slegs heel kortliks melding gemaak van die kortstondige bestaan van die klein Republiekies, Stellaland en Land Goosen, aan die Suidwestergrens van die Suid-Afrikaanse Republiek. Die geskiedenis van hierdie twee Republiekies word meestal beskou as nie van groot genoeg belang om die onderwerp uit te maak van 'n selfstandige historiese navorsing nie.

Sekere vrae kom egter op wat soek na 'n antwoord:-

Waarom was daardie nietige staatjies so'n twisappel en die oorsaak van soveel wrywing tussen Engeland en die Suid-Afrikaanse Republiek? Wat was die oogmerke van die staatsmanne van laasgenoemde twee state met betrekking tot Stellaland en Goosen, en welke faktore het hulle politiek beinvloed en die deurslag gegee? Nog ernstiger is die vraag: wat het [illegible] agter die skerms plaasgevind, veral in die Transvaal? In die [illegible] perspektief beskou, welke rol het Stellaland en Goosen [illegible] die opkoms van die Pan-Afrikaner ideaal na die Eerste Vry[illegible]oorlog?

Hierdie verhandeling gaan hoofsaaklik oor Stellaland, hoewel die verband met en die verhoudings tot Land Goosen [illegible] uit die oog verloor word nie. Daar word getrag om 'n antwoord te gee op die bostaande vrae, asook om die geestelike agtergrond van die drama, wat afgespeel is, te deurgrond.

Daar bestaan min werke wat uitsluitlik handel oor hierdie tydperk in die Suid-Afrikaanse geskiedenis. Die belangrikste tot dusverre gepubliseer is seker die groot werk van Dr. W.J. Leyds, "Het Insluiten van de Boeren- Republieken",

Deel I./....

Deel I. Dit is besonder verdienstelik, hoewel die skrywer hom uitsluitlik moes behelp het met uitgegewe bronne, en hom meer ten doel gestel het om die goeie reg van die S.A.Republiek te verdedig.

Ook moet nog genoem word die geskrif van Ds.S.J.du Toit, "De Bechuanalandsche Kwestie", wat feitlik 'n versameling is van bronne.

'n Werk, wat die uiterste Britse Imperialistiese standpunt voorstaan, is die van Eerw. Mackenzie, "Austral Africa". Van groot waarde by die studie was die versameling toesprake van Cecil Rhodes soos opgeneem in "Cecil Rhodes, His Political Life and Speeches" deur Vindex. Ander minder belangrike werke is ook geraadpleeg, soos van tyd tot tyd aangedui in die voetnote van hierdie verhandeling.

Wat betref uitgegewe eerstehandse bronne, wat geraadpleeg is, kom eerste in aanmerking die Britse Blouboeke, wat 'n massa belangrike materiaal bevat. Verder kan genoem word die Groenboek van die Suid-Afrikaanse Republiek vir 1884, sowel as "De Volksstem", 1882-1884. In laasgenoemde tydskrif is gepubliseer verskeie belangrike offisiële dokumente van Stellaland. Daardie koerant was selfs die offisiële regeringsorgaan van Stellaland.

Daar dien vervolgens gelet te word op die groot waarde van die onuitgegewe stukke berustende in die Staatsargief te Pretoria, en veral die private briewe van wyle Genl. P.J. Joubert in die afdeling Joubert-Kolleksie. Dit bevat heelwat informasie wat tot dusverre onbekend was, en werp 'n verrassende lig op die ideale van die Afrikanerdom destyds. Ook die afdeling Staats-Sekretaris bevat veel wat nog nie gebruik is by

die/....

die geskiedskrywing nie, veral met betrekking tot die sending van Ds. S. J. du Toit naar die grense.

Die resultaat van die ondersoek, in die lig van die geskiedenis beskou, ~~[illegible] nie juis nadelig vir die Afrikaner- [illegible] naam nie. Dit leer eerder om~~ [illegible] ~~'n geregverdigde~~ 'n botsing tussen twee toonaangewende ideë van die tyd, en leer mens persone in hulle doen en strewe verstaan en respekteer, en miskien selfs met hulle simpatiseer.

--------------------